Ons Vaderland. — 19 Feb. 1932.

# Inwyding van Nuwe Kerk op Coligny

## £10,300 in Swaar Tyd Bymekaar Gemaak

## 1350 Persone Woon Eerste Diens By

**Van Ons Eie Korrespondent.**

COLIGNY, 13 Feb.—'n Feesstemming het die afgelope naweek alhier gekenmerk.

Nieteenstaande die depressie het die Coligny-gemeente nog die ywer en moed aan die dag gelê om die pragtige bedrag van £10,300 bymekaar te maak en een van die mees moderne en mooiste kerke in ons land te laat bouw wat verlede Saterdag ingewy is. Dit is die opinie van die verskillende predikante wat vir die ringsitting met dieselfde geleentheid hier was. Die kerk is baie duursaam gemeubileer wat sitplekke vir agthonderd-en-vyftig lede aanbied. Die kerk roem ook op sy duursame en kostelike orrel van £1280. Vir lig en krag is die kerk aangesluit aan die goewernementskragstasie op die dorp.

Die ringsitting het reeds op Woensdag 10 deser begin. Vrydag was die Kerkplein reeds soos 'n voortrekkerslaer en Saterdagmiddag het die waens reeds 58 getel.

Donderdagaand het die vroue van die gemeente die afgevaardigdes onthaal op 'n groot geselligheid in die kerksaal. Met dié geleentheid het die plaaslike predikant, ds. du Preez, sy mag as voorsitter gebruik om elke leraar op te roep vir 'n toespraak.

Vrydagaand het die Lemmergeselskap van Slypsteen "Van Riet van Rietfontein" opgevoer. Mens moet mnr. Piet Lemmer en sy medespelers gelukwens met hul sukses. Die opbrengs (£27) is vir die orrelfonds.

Saterdagmore het die groot sustersbasaar 'n aanvang geneem wat geopen is deur die plaaslike leraar, ds. du Preez, en ds. Ziervogel, van Zeerust. Die basaar was 'n groot sukses en het £77 opgebreng.

Om 10.30 het die inwyding plaasgevind. Die optog het by die ou kerkgebou begin alwaar eers 'n toespraak gelewer is deur Coligny se eerste predikant, ds. R. Theron, wat nou op Alberton is.

Voor die hoofingang van die nuwe gebou het die skare vergader en ook daar is toesprake gelewer deur die scriba van die ring, die argitek mnr. Gerard Moerdyk, die pastor loci en mnr. W. Badenhorst.

Die deur is daarop ontsluit en die skare het binnegestroom. Al gou het duidelik geblyk dat die 850 sitplekke vir die geleendheid nie genoeg was nie en mense moes van elke oop plekkie in die gebou gebruik maak. Beraam word dat daar ruim 1350 mense was.

Die inwydingsdiens is deur ds. R. Theron gehou, wat veertien jaar alhier gevestig was.

Saterdagaand het die inwyding van die ligte en orrel plaasgevind. Ds. Potgieter het die toespraak oor musiek gelewer, terwyl ds. Ziervogel oor lig uitgewy het.

Mnr. de Kock, van Pretoria-sentraal, het die orreluitvoering waargeneem. Hy het 'n pragtige program van twaalf items aangebied.

Sondag het die bediening van die nagmaal plaasgevind.